

Jesus word verheerlik as die Gesalfde van God

'n Duideliker bevestiging vir sy belydenis dat Jesus die Gesalfde van God is (Luk. 9:20), kan Petrus nie kry nie. Hy is saam met Johannes en Jakobus 'n ooggetuie van Jesus se verheerliking op die berg. Prof. Tjaart van der Walt beskryf dit wat hier gebeur soos volg: "Dis asof die strawwende hand wat Jesus – met ons sonde op sy skouers – in vernedering afdruk, 'n oomblik opgelig word. Die Heerlikheid van die Seun word weer sigbaar (vgl. 2 Pet. 1:16-17)."

Moses en Elia verteenwoordig die wet en die profete, die hele Ou-Testamentiese openbaring van God wat Jesus se koms voorspel het. Nou gaan dit in vervulling. Jesus is hier, gereed vir sy eksodus, sy uittog. Soos Moses die Israeliete uit die slawehuis van Egipte uitgelei het, so sou Jesus sy kinders deur sy dood en opstanding van die heerskappy van die duiwel en die sondeslawerny bevry. Ná die verheerliking op die berg hoef daar geen twyfel in ons harte meer te wees dat Jesus wel die Christus is nie.

Hoe reageer Petrus op dit wat Hy sien? Dit is so wonderlik dat hy nie wil hê dit moet ophou nie. Om Jesus so in sy verheerlikte staat te sien, is baie beter as die beloofde lydensweg waarvan Jesus vir hulle vertel het. Daarom wil Hy hê hulle moet net daar bly. Wat sou egter van al die ander mense geword het, ook van ons, as Jesus aan Petrus se versoek gehoor gegee en nie die lydensweg gestap het nie? Dan sou daar vir my en jou geen hoop op verlossing gewees het nie. Ons doen presies wat Petrus gedoen het as ons nie die evangelie uitdra aan mense wat nie van Jesus weet nie. Ons hou Jesus vir onself!

Hoe reageer Jesus op hierdie verheerliking? Hy kies steeds die kruis! Hy offer opnuut hierdie heerlikheid wat Hom as God toekom op om die lydensweg vir my en vir jou te stap. God se stem bevestig hierdie keuse van Jesus en Hy roep ons op om Hom saam met die dissipels in alles te gehoorsaam.

Ds Thomas Dreyer (Vryheid)